# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 252
17 Julie 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel:** **Dit was nie net statistiek nie.**
**Berigte:** **GHG dagbestuur**
**Redakteur**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Dit is tyd**

Ons lees in Prediker 3:1-3 "*Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek, 'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red, 'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou*".

Net soos Psalm 23 is hierdie een van die meer bekende tekste in die Ou Testament. Die skepping en ons menswees is aan die verloop van tyd onderworpe.

Nie alle tyd en tye is dieselfde nie. Ervaarde tyd en die meganiese verloop van tyd kan erg van mekaar verskil; die oomblikke van vreugde voel kort in terme van tyd, die angsvolle oomblikke voel soos 'n ewigheid - en tog kan beide ervarings in dieselfde eenhede van tyd gemeet word, soms ewe veel ure, minute en sekondes.

Dan is daar ritme van tyd. Seisoene, menswees het elk seisoene wat bietjie kan wissel, maar redelik vasstaan. Daar is ook oomblikke van beslissing, van kies.

Die feit dat ons op meer as een manier in tyd vasgevang is kan illustreer word met geboorte en dood. Geen mens kies die dag en tyd van sy geboorte nie, ons word in tyd in gebore en word eers later bewus van hierdie tydsverloop. Die mense rondom ons is bewus van ons komende geboorte, soms voorspel en met die keiser-seksie geboortes, bepaalbaar. Dit is die mense rondom ons wat ons in hierdie bestaan verwelkom en ons koms vier.

Net so kan ons nie die tyd van ons dood bepaal nie. Selfs diegene wat selfmoord probeer pleeg, is nie altyd suksesvol nie. Anders as met ons geboorte, is ons bewus van ons eie sterflikheid, maar net soos met ons geboorte weet ons nie wanneer dit gaan wees nie. Na afsterwe is daar die mense rondom ons wat bewus is van ons afsterwe, wat treur en afskeid neem. Stap maar in die begraafplaas. Op die grafte word twee datums aangedui; een wat ons nie vooraf kennis of beheer oor gehad het nie, 'n dag waarvan ons later van bewus geword het en met verjaarsdae gevier het. Die ander datum op die grafsteen is een waarvan ons metterhaas meer bewus geword het, maar nie van weet nie. Tussen hierdie twee datums speel ons lewens af.

Ons lewe binne die ritmes van seisoene in self en natuur. Elke keuse wat ons maak, het 'n impak, speel af binne meganiese tyd en word deurleef in ervaarde tyd. Niks wat ons doen of kan doen, het ewigheid waarde nie. Daar is net geloof wat ons kan bind aan die ewigheid, maar dit is 'n gesprek vir 'n ander dag.

Die kortstondigheid van ons bestaan, bring ons telkens onder die indruk van die

noodsaak om tyd reg te gebruik, en ook te strewe na goeie tydsberekening. Om iets te lank te doen, kan net soveel skade berokken soos om iets te gou te staak. Verantwoordelikheid vir elke keuse is nie dieselfde verantwoordelikheid vir alle gevolge van daardie keuse nie. Daar kan soveel meer gebeur – het al soveel meer gebeur – as wat ons met, selfs ons besdeurdagte optrede, voorsien het. Aanduibare begin, onseker toekoms, aanduibare bakens op die pad.

Die voorlopers van Koersvas en Die Skietlood het in September van 2012 verskyn. In daardie uitgawe is gevra na insette rondom name vir nuwe publikasies. Oktober 2012 het die eerste Koersvas en Die Skietlood verskyn. Aanvanklik elke tweede week, maar later een maal per maand. Af en toe het gas-Redakteurs die uitgawes met groot vaardigheid hanteer. Na bykans 14 jaar het dit tyd geword vir iemand anders om die leisels oor te neem. Die pad van Koersvas en Die Skietlood moet aan nuwe hande oorgegee word.

‘n Lang pad om aan te kondig dat ek gaan terugtree as Redakteur van Koersvas en Die Skietlood. Met groot dankbaarheid dink ek terug aan al die jare van swoeg en sweet, onder druk werk om Koersvas en Die Skietlood persklaar te kry. Ek is die gas-Redakteurs dank verskuldig. Aan my goeie Gade – Yvette – alle dank vir geduldige proeflees werk en konstruktiewe voorstelle. Dankie ook vir die kere wat sy nie verstaan het nie, dit het my tot beter en fyner formulerings gelei sodat ek kon skryf wat ek gedink het ek sê.

## BERIGTE

**GHG dagbestuur**

Die dagbestuur van die GHG vergader 24 Julie 2026 vir sy geskeduleerde byeenkoms. Tydens die vergadering sal verskeie sake onder die loep kom. Die hofsaak van November, die nuwe samewerking wat daar moet kom, die finansiële bestuur van die fondse en die nuwe Redakteur vir ons publikasies is van die sake wat hanteer sal word. Kerkrade, ampsdraers of lidmate wat sake onder die bestuur se aandag wil bring, word versoek om voor 20 Julie 2026 die sake deur te gee aan ds. Frans Marais (ds.frans@geloofsbond.org.za).

**Redakteur**

Koersvas en Die Skietlood sal eersdaags onder nuwe redaksie staan. Enige lidmaat wat belangstel om die vaandel vorentoe te dra, kan met dr. Johan Otto (johan.otto@geloofsbond.org.za) kontak maak. Die bestuur sal by sy vergadering van 24 Julie die saak bespreek.

## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com